**MEDIAVRYSTELLING**

Julie 2026

**Kaalkopkjint Nooi Suid-Afrika om op Wêreld Alopecia-dag saam blou te dra.**

Kaalkopkjint – Bald • Brave • Beautiful is trots om sy 2026 Wêreld Alopecia-dag-bewusmakingsveldtog amptelik bekend te stel.

Wêreld Alopecia-dag word vanjaar op Vrydag, 31 Julie 2026, waargeneem. Kaalkopkjint nooi skole, besighede, kerke, sportklubs, organisasies en gemeenskappe regoor Suid-Afrika uit om deel te wees van hierdie nasionale bewusmakingsinisiatief.

Die doel van die veldtog is om groter bewustheid, begrip en aanvaarding van Alopecia te bevorder.

Alopecia is 'n outo-immuun toestand wat haarverlies veroorsaak. Hoewel dit nie aansteeklik is nie en nie 'n persoon se vermoëns beperk nie, ervaar baie kinders en volwassenes steeds onkunde, verkeerde aannames en sosiale stigma.

Kaalkopkjint is 'n onafhanklike Suid-Afrikaanse bewusmakingsinisiatief wat ontstaan het uit die persoonlike reis van Kqiara Russell. Die inisiatief gebruik opvoeding, sosiale media en gemeenskapsprojekte om gesprekke oor Alopecia aan te moedig en groter begrip binne Suid-Afrikaanse gemeenskappe te bevorder.

As deel van die veldtog word deelnemers aangemoedig om op 31 Julie 2026:

* 💙 Iets blou te dra.

* 📸 'n Foto te neem.

* 📲 Die foto op sosiale media te plaas.

* 🏷️ Kaalkopkjint® te tag.

Verskeie skole het reeds hul deelname aan die veldtog bevestig, en verdere skole, besighede en organisasies word uitgenooi om ook deel te neem.

Hierdie is nie ’n fondsinsameling nie. Die veldtog fokus uitsluitlik op bewusmaking, opvoeding en die bevordering van begrip en aanvaarding vir mense wat met Alopecia leef.

Kaalkopkjint hoop om deur hierdie inisiatief ’n nasionale gesprek oor Alopecia aan te wakker en ’n omgewing te help skep waar kinders en volwassenes met Alopecia met groter selfvertroue en aanvaarding kan leef.

Alle veldtogopdaterings en bewusmakingsmateriaal sal op die Kaalkopkjint Facebook-blad gedeel word.

**Vriendelike groete**


Theresa Russell

Kaalkopkjint® – Bald • Brave • Beautiful

📞 079 876 7562

📧 kaalkopkjint@gmail.com

🌐 www.kaalkopkjint.com